

Vooruitsig vir die NWU

Ons verwag dat die wêreldwye pandemie en die ernstige impak daarvan op die ekonomie die grootste faktore in ons eksterne omgewing is wat 'n invloed sal hê op ons vermoë om ons strategiese doelwitte te verwesenlik.

Ons moet onself toerus om te reageer op uitdagings en onsekerhede wat waarskynlik sal ontstaan, en dit beïnvloed ons vermoë om ons doelwitte en teikens in die toekoms te bereik.

Een manier om voor te berei op onvoorsiene krisisse, is om gereed en gewillig te wees om nuwe benaderings tot probleme te **verken**, die taktieke waarmee ons uitdagings aanpak **uit te brei**, en te **ontwikkel** om selfs méér buigsaam en aanpasbaar te word wanneer ons te staan kom voor ongekende omstandighede in ons eksterne omgewing.

As ons oor die NWU se toekoms besin, onderskei ons tussen die kort termyn (tot twee jaar), die medium termyn (twee tot sewe jaar) en die lang termyn (meer as sewe jaar).

Hierdie is die verwikkelings wat ons toekomstige prestasie kan affekteer:

'n Onstabiele omgewing

- Korttermynverwagtinge

Die lesse wat uit Covid-19 geleer is, sowel as ons digitale besigheidstrategie en die verbeteringsplanne voortspruitend uit die nasionale PhD-hersiening, sal dien as riglyn vir ons prosesse en prioriteite vir 2021.

Die verskaffing van data aan studente is 'n prioriteit, asook om maniere te vind om te verseker dat alle studente toegang tot 'n toestel het.

Ons strategie vir die vermindering van finansiële risiko's sal in die toekoms noukeurig geïmplementeer word.

- Mediumtermynverwagtinge

Ons moet voortdurend ons vaardighede aanleer en bywerk om relevant te bly. Werk in die digitale ekonomie sal uiteraard toenemend uit kenniswerk bestaan. Meer werke sal aansienlike interaksie met tegnologie verg, gevorm deur tegnologiese ontwinging, outomatisering van arbeid en meer buigsame en vloeibare indiensneming.

Die ingesteldheid van die industriële tydvak waar mense vroeg in hul lewens opleiding ontvang het en dan gereed was vir 'n leeftyd van werk, weerspieël nie meer die geïndividualiseerde en onverwagte trajekte van moderne loopbane nie.

Die idee van lewenslange leer is niks nuuts nie. Maar in 'n wêreld wat baie meer nie-lineêr geword het, het die voorwaardes vir lewenslange leer aansienlik verander sedert die konsep die eerste keer bekendgestel is.

Die behoefte aan lewenslange leer om individue in staat te stel om toegang tot leergeleenthede te kry – op verskillende maniere, vir verskillende doeleindes en in verskillende loopbaanfasies – was nog nooit groter nie. Ons moet opvoedingsmodelle bou wat hierdie verandering weerspieël, en 'n kultuur wat dit bevorder.

- Langtermynverwagtinge

Die langtermyn finansiële volhoubaarheid van die universiteit is van die grootste belang as die NWU 'n waardeskeppende bate vir toekomstige geslagte wil bly.

Gebruikmaking van geleenthede en die hantering van uitdagings en onsekerhede

Dit sal altyd belangrik wees om die toepaslikheid van tegnologie te meet aan 'n stel uitdruklik vasgestelde en ooreengekome kriteria rakende die universiteit se kernbesigheid.

Vrae soos die volgende lei steeds ons denke oor die toekoms: Kan die tegnologie beter operasionele ondersteuning bied en bied dit 'n aangename menslike ervaring (gegewe ons fokus op diversiteit, insluiting en toegang vir sukses)? Optimaliseer tegnologie ons funksionering in onderrig en leer, wat studentet rugvoer moontlik maak wat meer gefokus, meer genuanseerd en meer instaatstellend is (byvoorbeeld as dit kom by e-assessering)?

IKT-innovasie sal 'n toenemend belangrike rol speel in die aanbod van onderrig en leer en ondersteuning gedurende die hele studentelewensiklus, en buigsame stelsels is nodig met 'n naatlose integrasie tussen die verskillende stadiums van die studentelewensiklus.

Ons belangrikste teikens en planne vir die toekoms

- Op die kort tot medium termyn

Lesse van Covid-19 en die werk van die 21-Futures-taakspan wat die deur die NWU aangestel is, sal ons lei na verbeterde onderrig- en leerbenaderings.

Dit sal aan studente die geleentheid bied om voordeel te trek uit die buigsaamheid en innovasie wat aanlyn leerplatforms bied, aangevul deur goed gestruktureerde aangesig-tot-aangesig-sessies.

Hierdie herkonfigurasie van diensleweringsmetodes sal ook implikasies hê vir ons infrastruktuur en verskillende ondersteuningsdienste vir studente. Strategiese suksesfaktore is: (i) om voerpunt- en relevante hulpbronne en dienste te verskaf om aan akademiese verwagtinge te voldoen en (ii) om 'n bemagtigende en waardegebaseerde, deursigtige en betrokke organisasiekultuur te skep.

Die planne wat direk daarop gemik is om aan hierdie strategiese suksesfaktore te voldoen, is:

- Verskaf gesamentlike onderrig- en leerondersteuning en professionele ontwikkelingsgeleenthede vir die wetenskaplike ontwikkeling van akademici as dosente om studenteretensie, -sukses en -deurvloei te verbeter.
- Samewerking tussen die Eenheid vir Oop Afstandslere (EOAL) en die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) om die gaping tussen asinchrone en sinchrone afstandsonderrigmodusse te verklein en sodoende toegang te verbeter vir studente wat lae tegnologie met hoë onmiddellikheid gebruik.
- Aanvaar en ontwikkel tegnologie wat die instaatstellende onderrig- en leeromgewing verbeter, ingelig deur die strategiese dryfvere en aanwysers in die Onderrig- en Leerstrategie in plaas van vervlegte leer.
- Vestig en handhaaf goed funksionerende kampusstrukture wat by die gemeenskappe betrokke is.
- Ontwikkel sosiale bewustheid en responsiwiteit in studente deur deelname aan gemeenskapswerk aan te moedig.
- Ontwikkel die kapasiteit van studente en personeel om effektief betrokke te raak by tegnologie-verbeterde onderrig en leer.

- Verbeter vennootskappe met gerespekteerde internasionale instansies sodat samewerkende navorsing, gesamentlike grade en medepublikasies verhoog kan word.
- Kry toegang tot nuwe befondsingsbronne vir tegnologie-ontwikkeling en kommersialisering.

- Op die lang termyn

Die verskynsel van ontbondelende universiteite en aanlyn leer het wêreldwyd sy verskyning gemaak as deel van wat 4NR aan hoër onderwys bied.

Soos enige ander sakesektor dryf die veranderende eise van ons belanghebbers (studente en potensiële werkgewers en die industrie) verandering in die onderwyssektor. Die studentepopulasie verander voortdurend; daar is dus nuwe verwagtinge vir naatlose hoër onderwys en lewenslange leerervarings wat pas by verskillende lewenstyle, individuele omstandighede en voorkeure.

Jonger generasies wat hoër onderwys betree, het 'n heeltemal ander uitgangspunt as vorige generasies. Tegnologie was nog altyd volledig geïntegreer in die meeste aspekte van hul lewens, en ná Covid-19 sal hulle dieselfde van hul opvoedkundige ervaring verwag.

Samevatting

Die hoëronderryssektor, ook die NWU, het sy vermoë bewys om **aan te pas** by verandering en om op navorsing en innovasie te fokus om by te dra tot die bekamping van 'n wêreldwye pandemie. Met ons fokus op die implementering van ons digitale besigheidstrategie sal ons voortgaan om ons van ander spelers te onderskei.

Ons glo die onderskeidende faktor is ons vermoë om nuwe maniere **te verken** om dinge te doen, om ons horisonne **uit te brei** en **te ontwikkel** om selfs meer te word as wat ons voorheen was – terwyl alles wat ons doen van 'n sorgsaamheidsetiek getuig.



Klik op die skakels hieronder vir toegang tot verskeie bylaes tot hierdie verslag.

- ☐ **Bylae 1:** 2020 Prestasiebeoordelingsverslag
- ☐ **Bylae 2:** Lys van komiteevergaderings
- ☐ **Bylae 3:** Samestelling van komitees
- ☐ **Bylae 4:** NWU-Risikoregister
- ☐ **Bylae 5:** Finansiële oorsig
- ☐ **Bylae 6:** Gekonsolideerde finansiële state soos op 31 Desember 2020

